RAADSBELEID

ONDERWERP : REGISTRASIE VAN PLANTEKENAARS

VERWYSING : 14.1.3.1.3

BESLUIT NR : 5/09/2002 DATUM : 30 September 2002

BELEIDSOOGMERK : Ten einde te verseker dat strukture en geboue ontwerp word wat aan alle standaarde en vereistes voldoen, word daar vereis dat diegene wat bouplanne vir die publiek binne die Raad se regsgebied teken, aan sekere minimum vereistes moet voldoen.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die opstel van bouplanne is ‘n gespesialiseerde taak wat deur kundige persone alleenlik gedoen behoort te word. Deur die daarstelling van standaarde vir plantekenaars soos vervat in die Wet op Nasionale Bouregulasies, word daar verseker dat die belange van die publiek beskerm word.

RIGLYNE

Na aanleiding van die bepalings van die Wet op die Argitektuurprofessie, 2000, (Wet 44 van 2000) wat bepaal dat enige persoon wat van voorneme is om planne te teken by die Raad van Argitektuurprofessie geregistreer moet wees, daar soos volg met plantekenaars gehandel word:

Dat aansoeke as plantekenaar in die volgende kategorieë soos in artikel 18 van die Wet in paragraaf 1 vermeld, ingedeel word:

1. Professionele Argitek.
2. Professionele Senior Argitekstegnoloog.
3. Professionele Argitekstegnoloog.
4. Professionele Argitekstekenaar.
5. Kandidaat Argitek.
6. Kandidaat Senior Argitekstegnoloog.
7. Kandidaat Argtitekstegnoloog.
8. Kandidaat Argitekstekenaar.

PROSEDURE

1. Dat, aangesien plantekenaars wat huidiglik by die Raad geregistreer is se registrasie op 30 September 2002 verval, plantekenaars aan die bepalings van die Wet in paragraaf 1 vermeld, met ingang van **1 Oktober 2002** moet voldoen.

2. Dat plantekenaars wat by die Raad van Argitektuurprofessie geregistreer is, 'n bewys by die Raad moet indien vir veilige bewaring alvorens planne ingedien kan word.

ROLLE

Die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer is verantwoordelik vir die toepassing van die beleid.

VERWANTE BELEID

1. Tariewelys

2. Ontwerp van frontaansigplanne van geboue in die Sentrale Sake Gebied en op Raadseiendom.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.